# WELKOM!




Ons is 'n familie vol liefde

T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za

# FAMILIENUUS — SONDAG 27 April 2025

| 08:00 | 10:00 | 18:00 |
|---|---|---|
| **Prediker:** Dean Bentley<br>**Skrif:** Johannes 20:19-29<br>**Tema:** Vrede vir julle | | **Geen aanddiens** |

Die Sinodale kollekte gaan vandag vir **Gemeente ondersteuning.** Die Gemeentehulpfonds verleen ondersteuning aan gemeentes wat finansiële probleme ondervind. Die fonds is bedoel om die geestelike bediening in stand te hou en nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie. Deuroffers en direkte bemakings aan die Gemeenteondersteuningfonds sterk die fonds se hand om ruimer te kan help.

## KATEGESE

Geen kategese op 27 April en 4 Mei a.g.v. langnaweke en skolevakansiedae. Kleuterkerk, kategese en Kuierkerk hervat weer op 11 Mei 2025.

## PREDIKANTE

| Henri Meyer | Pierrié Kies | Dean Bentley |
|---|---|---|
| 083 455 6940 | 076 110 4202 | 084 782 4595 |
| henri@ngmosselbaai.co.za | pierrie@ngmosselbaai.co.za | dean@ngmosselbaai.co.za |

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk by die Gemeentehuis.

**NUWE LIDMATE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG** 28 April | PUBLIEKE VAKANSIEDAG | Kerkkantoor gesluit |
| **DINSDAG** 29 April | Geen Bybelstudie vir vroue | 11:00 Seewind |
| **WOENSDAG** 30 April | Geen Bybelstudie vir seniors | 17:00 Bybelstudie (Danabaai) |
| **DONDERDAG** 1 Mei | WERKERSDAG | Kerkkantoor gesluit |
| **VRYDAG** 2 Mei | | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens.
Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.
Psalms 19:2

Hy wat bid soos hy moet, sal alles doen om te leef soos hy bid.
BENJAMIN FRANKLIN

Om deel te word van die gemeente se **Gebedswag Whatsapp groep** stuur asb u naam en selfoonnommer vir Alta van Zyl, (083 257-3884).

## DOOP

Baie geluk aan doopouers Johnny en Stephanie Welthagen met die doop van hul seuntjie John James tydens die 8:00 diens.

## OPSKOPPERS - PRET ROLBALDAG

Op Vrydag 23 Mei 2025 by die Hartenbos Rolbalbaan, vanaf 10:00 tot 14:00

R150 per persoon wat middagete insluit! Bespreek en betaal asb voor of op Sondag 18 Mei 2025.

Trek gemaklike skoene aan - sonder skerp hakke asb. wat die bane kan beskadig.

Bring ook die volgende saam: Sonhoed / sonskerm; Eetgerei (messe, vurke, borde) Koffie / tee sal deurlopend beskikbaar wees. KONTANTKROEG beskikbaar.

Almal is welkom al kan/wil jy nie speel nie. Kom deel steeds in die pret en kuier lekker saam.

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

**Neem asb kennis dat die Telegram groep gesluit gaan word op 30 April 2025.**

## BASAAR 31 MEI 2025

**STALLETJIES:** Neem gerus 'n pienk basaarvorm by die deure. Voltooi asb. om aan te dui waar jy betrokke wil raak, hetsy met hulp by 'n stalletjie, skenk van bestanddele of voorbereiding van spesifieke produkte.

- **POEDINGTAFEL:** Boksies vla, ingedampte melk, ingelegde vrugte, jelliepoeier, boksie kitspoeding en sago.
- **AFVALPOTTE:** Rys en blatjang.
- **DELI:** Wilds- en hoendervleis vir pasteie asook suiker vir konfyt.
- **GEBAK:** Tennis beskuitjies, bak margarien en ingelegde appels.
- **JAFFELS:** Blatjang, uie en aartappels
- **KERRIE EN RYS:** Klapper, blatjang, wortels, aartappels en uie.
- **TEETUIN:** Benodig hulp op die dag, koeke, quiches en terte. Kontak asb vir Carina Meyer 083 256 7133.
- **KINDERPRET:** Gesigverf, gekleurde haarsproei, malvalekkers, jellie lekkers, roomys "cones", gemengde toffies, rice krispies, mariebeskuitjies, kakao, smarties, kondensmelk, suigstokkies en fruit loops.

**Nie-bederfbare bestanddele** kan so gou moontlik by die kerkkantoor afgegee word. **Vars groente** kan asb op Maandag, 26 Mei en Dinsdag, 27 Mei afgegee word.

Koeverte vir kontantbydraes is by die deure beskikbaar.

Plaas solank jou bestelling by die kerkkantoor vir 'n **basaar-lam.** Daar is 100 heel lammers beskikbaar. Prys: R115 per kg. Op **Woensdag 28 Mei vanaf 12:00 tot 16:00** en **Donderdag 29 Mei vanaf 08:00 tot 13:00** kan jy jou lam kom kies, betaal en laat opsny deur ons ervare blokman. Kaartfasiliteite sal beskikbaar wees.

## EMIRITI IN DIE SUID-KAAP GENOOI

Die moderatuur van die Sinode van Wes-Kaapland wil graag alle emeritus-predikante en hul eggenote in die Suid-Kaap hartlik uitnooi na 'n spesiale en gesellige kuiergeleentheid op Maandag, 9 Junie. Dis 'n kans vir oudpredikante om mekaar weer te sien, herinneringe te deel en saam te lag.
Hierdie byeenkoms sal plaasvind by die pragtige George Moedergemeente en 'n ligte middagete sal bedien word. Ons wil julle vriendelik versoek om vir Riana (021 957 7155 of skriba@kaapkerk.co.za) teen 21 Mei in kennis te stel indien julle beplan om hierdie geleentheid by te woon.

## JANNIE MOOLMAN – 100
## DIS MOS AFRIKAANS

NG HARTENBOS bied op Saterdag 3 Mei 2025 om 18:00 'n vertoning van Jannie Moolman met Franco Engelbrecht op klavier.
Kaartjies kos R150 per persoon. (R120 vir pensioenarisse) beskikbaar by Hartenbos se Kerkkantoor (044 695 0440)

## TAXIBEDIENING UITREIK

Ons beplan weer Taxi uitreike in Pinkster tyd: 1. Vrydag 6 Junie vanaf 14h00 - 17h00 by Taxi staanplek naby die HAVEN. 2. Saterdag 7 Junie by Shell bus stop en die Langeberg Mall taxistaanplek vanaf 11h00 tot +-14h00.
Skakel asb. Hennie Lombard 073 020 4118 indien u saam wil deel in die verspreiding van Bybels en die Evangelie.

## HOOGTEPUNTE TWEEDE KWARTAAL

- 9-11 Mei: Graad 7 kategesekamp
- 13-15 Mei: Laerskool Park Koorfees
- 26 Mei: Basaarvoorbereiding-week begin met vleiswerk in Klipkerk
- 29 Mei: Hemelvaartdiens (08:00)
- 1-4 Junie: Pinksterdienste (18:00)
- 8 Junie: Pinksterfees en Nagmaal

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Paul Steyn**, (Isabel 083 644 6766); **Nicolaas Barnard**, 5jr oud, hartoperasie, (Marlene 072 609 5152) **Clive Taylor,** (Marie 082 674 0800); (**Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Ronel du Preez,** (076 410 4871); **Jan Steyn**, kanker, (Lynette 083 627 1294); **Marie Fivaz,** hospitaal (082 492 8080); **Nico Lotter**, kanker (Carol 082 895 5598); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Johann de Wet**; **Jeanne Claassen**, kanker, (082 510 7177); **Hans Szewzyk**, kanker (Marie 082 202 2352); **Dewald Lourens**, (082 4194418); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb die kerkkantoor of 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek*

### IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

†**Antoinette Kichenbrand** se gedenkdiens was Vrydag 25 April (Ronnie 082 457 8069);

†**Alet Erasmus** se gedenkdiens is Donderdag 1 Mei om 11:00 (Joelie 082 396 6402).

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom.

Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate.

Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**

NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

Snap here to pay
SnapScan

**Vir sendingbydraes:**

GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

## BEDIENINGS

**ROEPING:** Lodewyk Coetzee, 082 939 0443 & Ben Joubert 082 921 0348
**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**EREDIENS:** Herman Spies, 082 373 5700
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**FAMILIE:** Henk Brits, 082 855 7136
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608
**Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
**Eenique-enkelgroep: Ananda Wessels, 083 480 9653
**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672
**Amandelboord: Elna Gous, 081 270 2251
**Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**FINANSIES:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**EIENDOMME:** Lodewyk Coetzee, 082 939 0443
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Valerie Winter. 082 459 1118
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127